

LETTERKEER (ANAGRAM)

1. Inleiding

Op 23 Junie het ons die kortste dag en die langste nag gehad in die suidelike halfrond – in die noordelike halfrond was dit natuurlik die omgekeerde. Dié natuurverskynsel word **sonstilstand** ("soltice") genoem omdat dit lyk of die son stilgestaan het. Hierdie woord is dan die basiese woord wat ons in die blokkiesraaisel gebruik hierdie week, met al die ander woorde (anagramme/letterkeer/wisselwoorde) wat met hierdie letters gevorm kan word.

2. Definisie (omskrywing)

'n *Anagram* of *letterkeer* is 'n woord of woorde wat uit die letters van 'n ander woord of woorde gevorm is òf deur die volgorde van die letters om te keer. Dit word ook soms 'n *wisselwoord* genoem. (Hieronder is voorbeelde by punt 4).

3. Gebruike van anagramme

- Om (die letters van 'n teks) in 'n geheime boodskap te vorm deur dit te herrangskik.
- Om (die letters van 'n teks) te herrangskik om 'n geheime boodskap te ontdek.
- Die opmaak van anagramme is 'n gewilde woordspeletjie waarin die spelers woorde bou deur letters om te skakel en dikwels by te voeg.
- Anagramme word ook dikwels as 'n pseudoniem (skuilnaam) gebruik.
- Die rederykers (lede van 'n diggenootskap in Nederland) het graag 'n anagram van hul naam as sinspreuk gebruik.

4. Voorbeelde

- a) In ons **letterkeer (anagram) van die week** is die hoofwoord **SONSTILSTAND** – daaruit is o.a. die volgende woorde (uit geskommelde letters) moontlik:
- ✓ ADIOS
 - ✓ LINT
 - ✓ ONSIN
 - ✓ STAD
 - ✓ STAL
- b) Gegewe 'n woord soos *TEGNIKUS* is die volgende anagramme moontlik:
- SUIGTENK
 - GIETKUNS
 - KUNSTIGE
- c) Woorde wat anagramme vorm, kan heeltemal verskillende betekenis hê, maar wel verwant wees wanneer woorddele bloot omgeruil word, byvoorbeeld:
- *BLOMTUIN* – TUINBLOM
- d) Anagramvorming kan selfs 'n speletjie word waar mense 'n woord probeer vorm uit al die letters in hul eie naam of name en titels. Uit *SUSTER OLIVIER* ontstaan byvoorbeeld die woord VOLSTRUISEIER!

e) Nog voorbeelde:

- *MOESIES* – EMOSIES
- *RENDIERE* – DREINEER
- *REËN* – NEER
- *KOOR* – ROOK
- *STAR* – RATS
- *OESTER* – SOETER
- *WERKER* – KERWER
- *SOORT* – TROOS
- *TWEE* – WEET
- *SPRINGBOK* – BOKSPRING
- *TERG* – GERT

Inligting saamgestel deur Estelle Kruger uit die volgende bronne:

<https://af.wikipedia.org/wiki/Anagram>

<https://www.dictionary.com/browse/anagram>

Odendal, F.F. en R.H. Gouws. 2005. *Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*. Kaapstad: Maskew Miller-Longman.

PharosAanlyn.

[https://www.pharosaanlyn.co.za/soek/alle?q=anagram&titles=\[1,340,200,240,370\]&p=1](https://www.pharosaanlyn.co.za/soek/alle?q=anagram&titles=[1,340,200,240,370]&p=1)

WAT-aanlyn. <http://woordeboek.co.za/>

-o0o-

(Geredigeer deur Marianne Strydom)



**Klik op die bostaande prent om te sien watter
blokkiesraaisels reeds op LitNet gelaa is.**

-o0o-

Loer [hier](#) vir 'n volledige indeks van **hersieningsvraestelle en memo's** wat LitNet bied en wat kan help met voorbereiding vir die eksamen.